DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**28 Mei 2023**



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste* begin *09:30***

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Handelinge 2: 1 - 13

**Tema** ***Vervulling van die belofte van die Gees***

**Sang**
Skrifberyming 8-2: 1, 2, 3
Psalm 9: 7, 10
Psalm 61: 1, 4
Skrifberyming 8-1: 1, 2
Psalm 89: 14, 17

Hierdie gedeelte beskryf die vervulling van die belofte van die Vader omtrent die Heilige Gees. Dit waarvoor die gelowiges voorberei is en waarna hulle so uitgesien het, word nou ’n werklikheid. “Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar” (Hd. 2:1) Die Griekse woorde wat met “aangebreek het” weergegee word, is moeilik om te vertaal. Letterlik staan daar: “Toe die dag van die Pinksterfees vol geword het of heeltemal gevul is.”

Dié Griekse woord vir “vul” of “vol word” word egter in die Septuagint (die vertaling van die Ou Testament in Grieks) en in die Nuwe Testament gebruik vir die aanduiding van die voltooiing van ’n sekere tydsduur, in hierdie geval die sewe weke ná Paasfees, toe die Pinksterfees of die “fees van die weke”

(Eks. 34:22; Deut. 16:10), of die “fees van die oes, van die eerstelinge” (Eks. 23:16), soos dit ook genoem is, aangebreek het. Dit het op die 50ste dag ná die Paasfees plaasgevind, vandaar die naam “pinkster” (pentacoste) – die fees op die 50ste dag.

As oesfees bevat dit die gedagte van volheid of voltooiing. Dit is dus betekenisvol dat die Heilige Gees juis op dié dag uitgestort is. Die Heilige Gees kan nou as God se gawe aan die kerk gegee word omdat Christus se verlossingswerk deur die kruis, opstanding en hemelvaart heen voltooi is. Terselfdertyd is die Gees ook die “eersteling” van die oes. Hy waarborg dat ons uiteindelik alles sal ontvang wat God vir sy kinders by die wederkoms van Christus sal gee (Rom. 8:23; 2 Kor. 5:5; Ef. 1:14). Tussen Pinkster en wederkoms leef die kerk uit die volle vrug van Christus se heilswerk. Die Gees skenk hierdie vrug ryklik en waarborg die volle wasdom daarvan aan die einde van die tyd.

Die aanwesiges hoor die geluid van iets soos ’n geweldige stormwind en hulle sien iets soos vuur wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Die Heilige Gees word meermale met wind in verband gebring (Eseg. 37:9; Joh. 3:8). Vuur is in die Ou Testament ’n simbool van God se teenwoordigheid (Eks. 3:2; 13:21; Deut. 4:24; Jes. 10:17). Die Heilige Gees verdeel in vurige tonge: nie los van die Vuur nie, maar aanhoudend daardeur gevoed. Uit die Gees word tonge gebore: vurige tonge, besielde tonge, geesdriftige tonge, tonge wat nie bevrore is nie, maar wat praat en getuig. Die gemeente en die enkeling wat die Gees besit, kan nie swyg nie. God se lof word besing, Sy Naam word verhef. Laat ons die geleentheid aangryp om vir ander van God se grootheid en goedheid te vertel sodat die getal van die gelowiges vol kan word en ons Here Jesus Christus weer kan kom.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Marius en Harriet Kruger. Marius is Donderdag in Pholoso opgeneem vir waarneming en sal DV Maandag 'n angiogram ondergaan. Harriet herstel nog na haar knieveranging en begin nou meer beweeglik word.

* Dewald Hattingh was baie siek met bronchitis en Corli het haar enkel gebreek terwyl sy in die Visrivier in Namibië gestap het. Ons bid vir genesing en in besonder vir Sarie wat die pasiënte tuis versorg.

* Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat goeie nuus ontvang het na die CT skandering. Baie seën met jou verdere herstelproses.

* Ons bid vir Lynn O'Reilly wat in die Wilgers aansterk na die operasie. Ons dra haar en haar kinders aan die Here se genadetroon op.

* Ons bid vir Sandra Venter wat verlede Vrydag bloedklonte in haar been ontwikkel het en die afgelope week in Unitas versorg is. Sy is nou by Dawn en Fanie op die plot. Ons dink aan Sieg wat nou verpleër is.

* Tialeen sien DV Maandag vir prof Heine vir haar 6 weke ondersoek. Haar krag is besig om toe te neem. Ons waardeer u belangstelling en omgee in hierdie afgelope tyd.

* Baie dankie aan almal wat sop vir Vrydagaand voorberei het. Dankie vir almal wat kom help eet het.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 28 Mei 2023

**Diensbeurt:** Wyk 4
**Ouderling:** Douw Venter

**Katkisasie:** Les 12
**Diaken:** Shawn Koekemoer

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien na die erediens. Susters sal nie meer genomineer word om na eredienste koffie en tee te bedien nie.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (So) 28 Mei | 11:00 | *Kerk* | Ouderlingevergadering |
| (Ma) 29 Mei | 18:00 | *Kerk* | Breëkerkraadsvergadering |
| (Di) 30 Mei | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 31 Mei | 18:30 | *Kerrk* | Bybelstudie |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Datum*** | ***Naam*** | ***Ouderdom*** | ***Belydend / Doop*** | ***Sel/Tel no.*** |
| (So) 28 Mei | Japie Hoogenboezem | 61 | B | 082 891 3021 |
| (Ma) 29 Mei | Christelle Botha<br>Annemarie Koekemoer | 43<br>32 | B<br>B | 082 493 4223<br>082 361 2427 |
| (Di) 30 Mei | Riana Olivier | 57 | B | 082 460 8286 |
| (Wo) 31 Mei | Marthinus vd Walt<br>Frans Myburgh | 68<br>4 | B<br>D | 082 822 6328<br>084 980 2466 |
| (Do) 1 Jun | Mignon du Preez<br>Alwine Beyneveldt | 17<br>1 | D<br>D | 064 657 3014<br>076 841 3570 |
| (Vr) 2 Jun | Chris Botha<br>Elzánne Botha | 29<br>27 | B<br>B | 083 608 4684<br>076 572 0991 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| (Di) 30 Mei 1970 | Dewald & Sarie Hattingh | 53 | 082 567 0518<br>082 460 3237 |
| (Wo) 31 Mei 2014 | Hennie & Lynn-Marié Combrink | 9 | 073 318 8142<br>065 944 8581 |

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

**Nagmaal sal op 11 Junie 2023 om 09:30 plaasvind.**



Lidmate **MOET** kennis neem dat daar slegs **EEN** diens sal wees.

**Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, daar sal 'n tafel soos voor die Covid tydperk beskikbaar wees.**

Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.

# NAGMAALETE



Lidmate wat die **Nagmaalete op 11 Junie** gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat agter in die portaal is.

Daar gaan **heerlike kerrie en rys met piesang slaai en tamatie salsa bedien word.**

**Die susters word versoek om soos die gewoonte is met 'n Nagmaalete, asb 'n slaai saam te bring.**

Onthou ook om eie eetgerei en drinkgoed saam te bring.

**ONTHOU ASB ! ! Die susters is verantwoordelik vir nagereg by die Nagmaalete.**

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Maar ék sal sing van u mag, elke môre sal ek jubel oor u trou, want U is vir my 'n veilige vesting, 'n skuilplek in tyd van nood. Tot u eer wil ek sing, U, my Sterkte, want U is my veilige vesting, U is my troue God.**

**Psalm 59:17 en 18**

## ATTESTATE ONTVANG

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :


**Beleidende lidmate :**

Deon en Elzia Boshoff vanaf GK Pieterburg-Noord, asook

**Dooplidmate:**

Dewan en Elani Boshoff.

Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.



# GEMEENTE KUIERTJIE



Op Vrydag 23 Junie sal die braaivleis vure weer hoog brand want ons beplan 'n gemeente kuiertjie vanaf 18:00.

Bring jou T-bone, Sirlion, Rump of hoender en kom braai lekker saam met ons. Pap en sous is bekikbaar.

Onthou asb ook jou eie eetgerei en drinkgoed.

Kom en geniet die aand saam met ons.

Adobe Stock | #145461155

# BOERE-ONTBYT

**Die Aktiwiteitskommissie bied op 22 Julie 2023 vanaf** 08:00 ‘n heerlike boere-ontbyt aan by die kerk.

**Daar gaan heerlike wors, spek, hoenderlewertjies, pap en eiers, vars gebakte brood met konfyt en nog baie meer bedien word.**



Skryf julle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.

**Vir slegs R70.00 per volwassene en hoërskoolleerder en R40.00 per laerskool kind** is hierdie voorwaar ‘n winskoop wat nêrens anders gevind sal word nie.

**ONTHOU asb die datum!!!**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Wees elke dag in elke omstandigheid SOUT**

**Matt 5:13**

**Julle is hier op aarde soos sout wat 'n mens in kos gooi, die regte hoeveelheid maak kos smaaklik.**



**As die sout sy smaak verloor het, hoe kan 'n mens dit weer die smaak teruggee?**

**Jesus sê dat ek en jy wat in Hom glo, hierdie werkplek se sout is.**

**Die manier waarop ek en jy lewe, gee smaak aan almal se lewens.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



**Matt 5:14 Julle is in die wêreld soos lig wat in die donker skyn.**

**Ons sit nie net smaak in die lewe nie, ons maak ook lig.**



**Praat saam….**

**Mense wat God nie ken nie loop in die donker en stamp teen alles.**

**Nooi mense na die LIG, maak hulle daarvan bewus deur jou optrede en gesindheid.**

**Bid vir leiding van die Heilige Gees sonder wie ons tot niks in staat is nie.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za<br><br><br>**Bankbesonderhede**<br>Kerkkas<br><br><br>Diakonie<br><br><br>Koningskinders<br><br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg<br><br>Aktiwiteitskommissie | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos : admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens<br>ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | | |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Toe daardie geluid opklink, het die menigte saamgedrom, en was verward, omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word. Verstom en verbaas het hulle gevra: "Kyk, is almal wat daar praat, dan nie Galileërs nie?*

*Handelinge 2: 6 & 7*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS